**Saterdag 19 Augustus**
**Skrifgedeelte: Lukas 12**
**Fokusgedeelte: Lukas 12:22-34**
**Soek eerste dinge eerste!**

Bekommernis oor jou lewe is om soos ’n skip wat op die woeste see op en af op die golwe wieg en skud, deur die golwe van bekommernis heen en weer geruk te word. Maar Jesus sê vir sy dissipels, en deur hulle vir sy kerk, vir my en jou: “Moet julle nie bekommer oor julle lewe oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie” (vs 29).

Waaroor mag jy jou nie bekommer nie? Oor kos en klere! Dis alles dinge waaroor ongelowiges hulle koppe hier op aarde breek. Hulle hele lewe wentel om die hier en die nou: kos en klere en geld en oorlewing. Die kind van God is tog vir hoër dinge geskape as om net te eet en aan te trek op aarde. Die hoogste doel van die mens is nie op sy lewetjie hier op aarde gerig nie. Ek en jy leef as beelddraers van God vir ’n hoër doel: om Hom te verheerlik. Ons lewe, as verloste mense, draai nou om Jesus Christus, die Brood van die ewige lewe en ons verhouding met Hom deur Wie ons geestelik gevoed word.

Dit beteken nie dat ons nie steeds moet werk vir kos en klere nie, maar ons moet besef waar kom ons kos en klere vandaan. Jesus sê dat gelowiges God as Vader het wat weet wat hulle nodig het (vs 30). As Vader ontsnap nie een van jou behoeftes Hom nie. Hy gee vir jou selfs meer as hierdie lewe, Hy gee vir jou as Herder die groen weivelde van sy ewige koninkryk (vs 32).

Waarvoor moet ek en jy dan lewe? Vir God se rykdomme. Vir sy koninkryk (vs 31). Dit is waar Christus regeer, waar sy blye evangelie verlossing bring, waar sy Gees werk. Die wonder is, wanneer ons God in fokus het, “... dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee” (vs 31).

Maak plek vir God in jou lewe en Hy maak vir jou leefruimte op aarde. Kom ons kry weer ons fokus ingestel op God. Kom ons soek eerste dinge eerste. Of waarvoor leef jy regtig?

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6*

*Ds. TJ Potgieter (Theuns) (emeritus)*